TOERBROERS KAMPUS

# DIERESORG

## TOESPASLIKE DIEREGESONDHEID, SORG EN VOEDING

Geakkrediteerde teoretiese en praktiese opleiding , ontwerp om jou voor te berei vir 'n suksesvolle loopbaan in dieresorg.

NQF 5 | 2 WEKE TEORIE | 2 WEKE PRAKTIES

Toerbroers is die grootste Afrikaanse reisagentskap in Suid-Afrika en is ook onlangs as die Beste van Pretoria aangewys vir hierdie spesifieke kategorie.

As leiers in die bedryf is Toerbroers ook aktief betrokke by die opleiding van die volgende generasie. Toerisme is een van die dryfvere van die land se ekonomie en werksgeleenthede op plaaslike en internasionale vlak is bekombaar met die regte opleiding en praktiese ondervinding.

Hiedie program rus studente toe met grondliggende kennis en praktiese vaardighede in dierevoeding en gesondheid. Die opleiding dek noodsaaklike areas wat krities is vir die optimalisering van diereversorging, begrip van voeding en die versekering van dieregesondheidbestuur, wat hul kundigheid verhoog en hul vermoë om dieregesondheid in die landbousektor te bestuur verbeter.

<u>Teoretiese opleiding bestaan uit vier kernmodules:</u>

- Optimalisering van water kwaliteit
- Evalueer Dieregesondheidstelsels
- Ontleding van Diere
- Ondersoek Lewensgevaarlike risiko's wanneer diere hanteer word

<u>Praktiese opleiding sal onder kenners in die veld geskied:</u>

- Groot 5 wild ervaring saam Dr Morné de la Rey / Dr Sean-Luc de la Rey
- Kleinvee hantering en versorging saam Dr Morné de la Rey / Dr Sean-Luc de la Rey
- Labrotorium ervaring saam Dr Morné de la Rey / Dr Sean-Luc de la Rey
- Perde versorging blootstelling saam Dr Morné de la Rey / Dr Sean-Luc de la Rey
- Veld ervaring saam Dr Gerhardus Scheepers
- Klein vee, troeteldiere en eksotiese diere saam Dr Gerhardus Scheepers



TOERBROERS KAMPUS

# MEER AS OPLEIDING. Ñ ERVARING








## WAAROM TOERBROERS?

By Toerbroers Kampus kombineer ons topgehalte teoretiese opleiding met praktiese ervaring om jou vir ’n suksesvolle loopbaan in die toerismebedryf voor te berei. Met ons Cathsseta-geakkrediteerde NQF-sertifikate, internasionale erkenning en ekstra voordele soos ’n Toerismepaspoort en Noodhulp-sertifisering, kry jy die kennis én vaardighede om wêreldwyd in die toerisme-industrie te werk

## DIE VOLGENDE KURSUSSE WORD BY ONS AANGEBIED

- Toerisme Natuur of Kultuur NQF 4
- Toepaslike Diere Gesondheid, Sorg En Voeding NQF5
- Wildsplaas Bestuur NQF4
- Zanzibar Gasvryheids bestuur NQF2
- PH





## MAROELA KAMPUS

Brits, Noord-Wes

Studente geniet verblyf by die Maroela Kampus in Brits wat onder andere ook oor geriewe soos wifi en ‘n wasgoedkamer beskik. Die praktiese gedeelte van die kursus word deur kenners in die veearts bedryf aangebied.














JOU REIS BEGIN HIER

# 1 maand. Praktiese opleiding. 1 Sterk fondasie.

Groep1 1 Feb 2027 Groep 2:1 Mrt 2027 Groep 3:5 Apr 2027 Groep 4:3 Mei 2027 Groep 5:31 Mei 2027

Groep 6:28 Jun 2027 Groep 7:26 Jul 2027 Groep 8:23 Aug 2027 Groep 9:20 Sept 2027 Groep 10:18 Okt 2027



## Dr Gerhardus Scheepers ZodiacDierekliniek

Die Dierekliniek is 'n veeartsenykundige kliniek wat alle soorte diere, insluitend wild, behandel, en is geleë in Brits, Noordwes Provinsie. Die praktyk is in besit van bekende veerarts, Dr Gerhardus Scheepers.

As 'n baie gemengde praktyk, geniet hierdie veeartse die voorreg om 'n wye verskeidenheid pasiënte te behandel, van luiperds, renosters en leeus tot voëls, akkedisse en slange. Saam met die stres van die daaglikse werk binne die praktyk, het hulle gereeld die geleentheid om oproepe te doen na die talle produksie- en wildplase rondom die klein dorpie Brits



## Dr Morné en Dr Sean-Luc de la Rey EmbryoPlus

Studente sal onder leiding van wêreld bekende veearts, Dr Morné de la Rey en sy seun, Dr Sean-Luc de la Rey praktiese ondervinding opdoen by hulle praktyk in Brits. Embryo Plus is vir meer as 40 jaar 'n kenner op die gebied van onder andere, die reproduksie van vee en wilde diere. Embryo Plus spesialiseer in beesembrio-oordragte en semenversameling, terwyl hulle ook nou saamwerk met skaap- en bokkwarantyn-sentrums.Die maatskappy verwerk jaarliks ongeveer 60 000 dosisse semen vir bees- en suiweldiere. Die maatskappy het streng kwaliteits-kontroles op semen, veral vir Afrika-rasse, en het 90% van alle embrio-uitvoere vir rasse soos Afrikaner, Bonsmara, Nguni en Tuli na lande soos Kanada, Brasilië, Australië, Argentinië, Paraguay, Kenia en Uganda gefasiliteer. Embryo Plus het ook Dorper-,Merino-, Angora- en Boerbok-embrio's na Kanada, Duitsland, Brasilië en Australië uitgevoer



## Ukutula Game Lodge

Sedert 2006 is talle professionele soogdier navorsingstudies uitgevoer deur verskeie wetenskaplike navorsingsinstellings en professionele persone by Ukutula Game Reserve. Tans bied die Ukutula Conservation Centre (UCC) & Biobank 'n aantal navorsingsprojekte aan deur verskeie akademiese instellings en internasionale navorsers en nagraadse studente, insluitend 'n langtermynstudie oor die endokriene/ hormonale veranderinge in die leeuwyfie en die invloed daarvan op voortplanting, 'n studie oor die effek van welpie/wild-interaksie op menslike verbintenis met wild en hul verhoudings met die natuur, asook verskeie ander projekte oor kattevoortplanting en kryopreservering van genetiese materiaal van bedreigde wildspesie. Studente sal hier spesifiek meer oor predatore leer.

TOERBROERS KAMPUS

KAMPUS KONTAK BESONDERHEDE

Corlia Nel

082 571 0330 admin@toerbroers.co.za www.toerbroers.co.za

VOLG ONS